

# Belangstelling in die stand van jou taal

**Kriel, Mariana. 2010. South African Language Rights Monitor 2006.** Bloemfontein: Sun Press. 83 p. Price: 175,00.  
ISBN: 978-1-920383-046. (South African Language Rights Project, 5th report.)

**Reviewer:** A. Otto  
Departement Taal en Literatuur  
Nelson Mandela Metropolitan University

Soos 'n mens uit die titel kan aflei, doen hierdie boek verslag oor taalregte. Dit is die eerste verslag in 'n reeks taalmonitorverslae wat gepubliseer word en is as sodanig baanbrekerswerk. Die voorafgaande vier verslae is beskikbaar op die webwerf van die Universiteit van die Vrystaat. Hierdie verslae is jaarlikse verslae oor die taalregte-situasie en taalsake oor die algemeen in Suid-Afrika, primêr gereflekteer in data verkry van die gedrukte media (aangeteken in die SA Media Databasis). Die doel van die Monitor is om te help om PanSAT se doelstelling te bereik, naamlik om alle taalgroepe meer bewus te maak van hulle taalregte en daardeur onder meer te waak teen taaldiskriminasie, om vir die beskerming van taalregte op

te staan, om veeltaligheid te bevorder en by te dra tot die ontwikkeling van al Suid-Afrika se tale.

Data vir die 2006-verslag is verkry uit die media, van knipsels wat voorsien is deur SA Media, wat toegang bied tot die belangrike hoofstroomkoerante, joernale en tydskrifte. Die navorsers het ongelukkig nie toegang gehad tot Afrikataalkoerante nie. Ten spyte van hierdie leemte word daar wel soms in hierdie Monitor verwys na die sienings van swart koerantlesers. Daar word byvoorbeeld verwys na Sastri Mda en Pat Dlulane se sienings dat moedertaalonderrig 'n terugkeer na segregasie is (Daily Dispatch, 2006-06-03 en Daily Dispatch, 2006-01-12). Vir hierdie briefskrywers is Engels nie net funksioneel (die sleutel tot sukses) nie, maar ook 'n ideologiese instrument (Engels is die sleutel tot sosiale kohesie/'n verenigde nasie). Baie Afrikataalouers stem met hierdie sienings saam en dit is nie maklik om hulle van die waarde van moedertaalonderrig te oortuig nie. Baie aktiviste vir moedertaalonderrig in Suid-Afrika is egter voorstanders van moedertaalgebaseerde twee-/multitalige onderrig in multitalige klaskamers; dus is die segregasiesiening deels ongelukkig. Volgens die skrywer is gevalle wat dalk wel as taalafsondering beskou sou kon word, enkelmedium Afrikaanse skole.

Dataversameling en -verwerkingstegnieke wat gebruik is, is onder meer 'n Microsoft Access-program en 'n spesiaal ontwerpte MS Access-vorm. 'n Grafiese voorstelling van statistiese inligting is gepaste toeligting en visueel-insiggewend.

Die reikwydte van die verslag omsluit taalaangeleenthede soos mediadekking van taalsake (in die algemeen), taalregteklagtes, taalaktivisme, taallitigasie en relevante taalnavorsing. Die oorkoepelende kategorieë van mediadekking oor taalsake gedurende 2006 was: naamsverandering (36%), taalprobleme (36%), taalbevordering (26%) en taalnavorsing (2%). Die oorkoepelende Afrikaanse kategorieë van mediadekking in volgorde van voorkoms was: taalprobleme (45%), taalbevordering (33%), naamsverandering (19%) en taalnavorsing (3%). Die Engelse kategorieë, in teenstelling hiermee, was: naamsverandering (59%), taalprobleme (23%), taalbevordering (16%) en taalnavorsing (2%). Die klemverskille tussen die twee tale is duidelik.

Die voorkoms van inligting blyk in die volgende rangorde in die databasis te wees: koerantverslae (47%), briewe aan die redakteur (20%), kolomme (15%), artikels (11%), redaksionele kommentaar (4%), taalbetrokke resensies (2%) en spotprente (1%). 'n Opmerking wat die samestellers maak is dat 'n hoë voorkoms van verslae oor

taalsake gewoonlik 'n aanduiding is van die aktiewe belangstelling van 'n koerant in taalaangeleenthede. In sowel die Afrikaanse as Engelse pers is die voorkoms van verslae baie hoër as die ander rekordtipes. Verslae in die Afrikaanse pers (54%) was effens hoër as dié in die Engelse pers (46%).

Daar is ook 'n aansienlike verskil ten opsigte van die onderwerpe wat deur die Afrikaanse en Engelse media gedek word. Die verhouding Afrikaans tot Engels vir die verskillende onderwerpe is: taalprobleme 64%-42%, taalbevordering 70%-30% en taalnavoring 71%-29%. Vergelyk ook die verskille soos hierbo aangedui onder oorkoepelende Afrikaanse en Engelse kategorieë.

Ten opsigte van briewe wys die samesteller daarop dat die aantal briewe 'n aanduiding is van die belangstelling van lesers. Uit die verkreeë gegewens is dit duidelik dat taalsake 'n groot erns is vir Afrikaanse koerante en hulle lesers. Trouens, baie van die taalsake is onlosmaaklik deel van die huidige politieke opset en is 'n weerspieëling van talle Afrikaners se vrese oor marginalisering en onsekerheid oor die voortbestaan van hulle kultuur. Dit word duidelik namate die leser hom verdiep in die verdere gang van hierdie Monitor.

Die Monitor gee verder 'n diepgaande bespreking van verskillende kategorieë van mediadekking met betrekking tot taalverwante klagtes gelê by amptelike liggame, taallitigasie en taalaktiwisme. Daar word stimulerend verslag gedoen oor die tersaaklike aangeleenthede in elkeen van hierdie afdelings. Die bespreking is onderhoudend en insiggewend en die aanbieding onbevooroordeeld. Die verslag gee inderdaad blyke daarvan dat dit voldoen aan die verwesenliking van die gestelde doelstellings van PanSAT. Dis egter jammer dat hierdie verslag eers vier jaar ná die ondersoekjaar (2006) verskyn het.

Hierbenewens is hierdie verslag 'n waardevolle bron vir allerlei navorsers – nie net die taalgebondenenes nie, of soos die samesteller dit stel:

... for any researcher interested in subjects ranging from place names and conflicting nationalisms to the organizational basis of language movement, the SALRM database for 2006 provides a rich source of information.

Mag hierdie Monitor voortaan wel altyd gepubliseer word sodat Jan Publik en taalnavorers op die hoogte kan bly van taalsake in Suid-Afrika.